# GEMEENTEBULLETIN

29 NOVEMBER 2020

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### Buitelugkerssangdiens om 09:00 op die kerkterrein

Lukas 4:8-14 | Haalbare vrede van die Vredevors | Ds. Why Duvenhage
Aangesien die erediens buite gehou word, kan dit ongelukkig nie aanlyn beskikbaar gestel word nie.

### Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn

Jesus herstel | Ds. Hanno Ackerman

## BUITELUGKERSSANGDIENS 29 NOV. 09:00

'n Erediens in die buitelug is veiliger a.g.v. die verspreiding van die koronavirus. Saam met pragtige Kersmusiek beloof die oggend om 'n "helder Somerkersfees-ervaring", eie aan ons land, te bied.

Daar sal genoeg stoele op die kerkterrein uitgepak word (met 'n veilige afstand). Dennebome wat as Kersbome gebruik kan word, sal @ R200 elk te koop wees. Ons ondersteun die NG kerk Op-die-berg met hulle Kersboomprojek.

## COVID-19-VEILIGHEIDSMAATREËLS

Ons neem kennis van die styging in die koronavirus-gevalle en wil lidmate verseker dat ons veiligheidsmaatreëls nougeset toepas. Ons kerkgebou kan meer as 600 mense akkommodeer. Eredienste kan dus met die nodige sosiale distansiëring deur minstens 250 persone veilig bygewoon word. Die perseel word ook weekliks gesaniteer.

**Tydens eredienste:** Kerkgangers moet asseblief maskers vir die volle duur van die erediens dra, ook tydens sang.

**Besoeke aan die kerkkantoor:** Van ons administratiewe personeel word tans direk deur die virus geraak en alhoewel die voorgeskrewe isolasievereistes en sanitasiemaatreëls nagekom word, wil ons as 'n bykomende veiligheidsmaatreël versoek dat lidmate die kantoor oordeelkundig besoek en nie die perseel sonder 'n masker betree nie.

### GEBEDSBYEENKOMS EN -VERSOEKE

Die asemskep-gebedsbyeenkoms word elke Dinsdag om 18:30 in die kapel aangebied. Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

## VAKANSIEKASKENADES 18-20 JAN. 2021

Met die oog op die lang skoolvakansie wat voorlê, beplan ons kinderwerker, Brenda Visser, 'n oggendvakansieprogram propvol vrolike kaskenades vir laerskoolkinders vanaf 18 tot 20 Jan. 2021op die kerkterrein. Almal van graad 1 tot 7 is welkom om in te skakel. Bring jou eie pousekos. Inskrywings by www.stellenberg.co.za/ sunet@stellenberg.co.za. Koste: R200 per kind.

## NOODKOSPAKKIES VIR DIE KERSGETY

Met 'n kombinasie van drie niebederfbare produkte kan 'n maaltyd vir 'n gesin van ses opgetower word. Ons beoog om gesinne tydens die Kersgety hiermee te ondersteun. Verpak die volgende per pakkie:
'n pakkie sojamaalvleis + 500 g pasta + 1 pakkie tamatiepasta, of
'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie kerriegroente + 500 g rys, of
'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie ertjies + 500 g rys.
Gee asseblief die verpakte produkte by die kerkkantoor af, of plaas dit Sondae in die voorportaal van die kerk.

## FLESSE VOL LEKKERTE VIR DIE KERSGETY

Help ons om gedurende die Kersgety 'n tikkie vreugde in minderbevoorregte gemeenskappe te versprei deur leë glasflesse soos mayonnaise-, koffie- en blatjangflesse, met lekkers of koekies te vul. Bring die gevulde flesse saam na die Buitelugkerssangdiens op Sondag 29 Nov. om 09:00, of gee jou bydrae by die kerkkantoor af. Indien jy nie tyd het om self koekies te bak nie, bestel gerus koekies by *21 Cookies of Hope,* Mariaan Hattingh 079 880 0407.

## KERSETE IN KLIPHEUWEL

Ons bied vanjaar weer soos voorheen in samewerking met Shiloh 'n Kersete aan vir die mense woonagtig in die informele nedersetting van Klipheuwel. Om aan Covid-19-regulasies te voldoen, sal dit 'n wegneemete wees en ons beoog om etes aan 400 volwassenes en kinders te voorsien. Finansiële bydraes vir die groot onderneming sal baie waardeer word en kan elektronies inbetaal word by die volgende rekening: Shilhoh, FNB, Willowbridge, takkode 210655, rekeningnommer 622 643 38643. Verwysing KLIPPIES.

### EDELWEISS

Bybelstudie

Donderdag 3 Des. om 14:30 in die eetsaal.

Spreuke 23: Nog lewenswyshede (Laaste Bybelstudie vir 2020)

**Huisdiens**

Sondag 6 Des. 18:00

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.


## TIENDEMAANDINSAMELING

Dankie aan elkeen wat deel is van ons kersritueel wat aan die Tiendemaandinsameling gekoppel is. Dit begin in ons huise, met spesiale gebruike rondom etenstye, gesprekke en selfs waar lidmate stil word tydens Bybelstudie, of gebed. Ons fokus op die Gewer van alle goeie gawes en raak opnuut bewus van die oorvloed van seëninge wat ons daagliks geniet.

Tydens eredienste raak selfs die kleinste kinders betrokke en steek met die hulp van hulle ouers ook 'n kers aan. Dit bied ook 'n geleentheid om ons gemeente se leuse *Ons reik uit oor alle grense* sigbaar en tasbaar te maak deur 'n kers in jou straat of omgewing uit te deel en ander lidmate uit te nooi om deel te neem aan ons eredienste, aanlyn of in die kerkgebou.

Baie dankie aan elke lidmaat wat bydra tot die spesiale insameling. 'n Bedrag van R879 644 is reeds ontvang. Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: Tiendemaand. Kontantbydraes kan in 'n gemerkte koevert in die kollektebord gesit word, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word, of by die kerkkantoor inbetaal word.

Jesus het self gesê: *Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Hand. 20:35) en *Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.* (Matt. 6:21)




**EDELWEISS BYBELSTUDIE**

Donderdag 26 November om 14:30 in die eetsaal.

Spreuke 22: Wysheid wat werk!

**AANLYN ADVERTENSIEBLAD**

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, verskeie dienste, woonplekke en werksgeleenthede, geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.
Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## BYBELLEESPROJEK 2020–2021

Die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans is beskikbaar! Ons beoog om deur die loop van 2021 tydens eredienste, kategese en ook d.m.v. die Bybelskoolkursus sistematies deur die Bybel te lees.

**Bybelskoolkursus van 2020 - '21 in die kerk en aanlyn:** Die Bybelskoolkursus sluit by die Bybelleesprojek aan en die eerste twee aanbiedings vind reeds op die Maandae van 30 November en 7 Desember om 19:00 in die kerkgebou plaas. Die aanbiedings sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za gevolg kan word en die eerste aanbieding sal Maandag 30 November op die webwerf beskikbaar wees. Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die Bybelskoolkursus, of leesprojek in te skakel, maar ons moedig tog lidmate aan om die nuwe vertaling te bekom. Die Bybelleesgids is gratis en kan Maandagaand by die Bybelskoolaanbieding, of Sondagoggend na die buitelugdiens, of weeksdae by die kerk-kantoor afgehaal word.

**Afhaal van Bybels:** Lidmate wat Bybels bestel het, kan dit Maandagaand by die Bybelskoolaanbieding afhaal, of Sondagoggend na die buitelugdiens in die kerkantoor, of vanaf Dinsdag, 1 Desember vanaf 08:00 tot 13:00 by die kerkkantoor (021 976 4519). Navrae rakende die Bybelbestellings, of die Bybelskoolkursus kan aan ds. Marius Breytenbach by 082 376 6053 marius@stellenberg.co.za gerig word.

## KERKRAADSVERGADERING 25 NOVEMBER

Dr. André Agenbag, wat voltyds in diens van die Sinode Wes-Kaapland werk, se versoek om aan Stellenberg-gemeente gekoppel te word, is op die kerkraadsvergadering van 25 November goedgekeur en 'n beroep vir dr. André Agenbag is deur die kerkraad uitgebring. Die beroep word aan die gemeente bekend gemaak met die oog op aprobasie en dr. Agenbag sal dan DV op Sondag 13 Desember in die gemeente bevestig word. Die beroep het geen koste-implikasie vir die gemeente nie, aangesien hy deur die sinode vergoed word.

## PLANTETAFEL OP 6 DESEMBER

Die Kweek-vir-die-Here-span bied op Sondag 6 Desember om 10:00 weer 'n plantetafel aan. Besoek die uitstalling na die oggenddiens. Onthou plante is uitstekende Kersgeskenke.

## VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Die gemeente beskik oor 'n vakature vir 'n **finansiële bestuurder**. Tersiêre finansiële kwalifikasie asook bewese ondervinding is vereistes. Diensaanvaarding: 1 Maart 2021. Stuur 'n volledige CV voor 8 Januarie 2021 om 12:00 na stellenberg@stellenberg.co.za. Die posbeskrywing kan ook by die e-posadres aangevra word.